waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 2, FEBRUARIE 1998

# Op die pad vorentoe: wat?

Die doel van ons blad is om die lesers in die uitoefening van die amp van gelowiges te ondersteun. Die vraag kom na vore: wat moet aangebied word om daadwerklike hulp te verleen by die bediening van ons profetiese, priesterlike en koninklike amp in die kerk en die koninkryk van God? Die lede van die Gereformeerde Persvereniging "Veritas" wat "Waarheid en Dwaling" uitgee, het diep oor hierdie vraag nagedink. Hulle gedagtewisseling het uitgeloop op die voorlopige vasstelling van 'n hele aantal onderwerpe wat ons aandag moet ontvang en wat in 'n vyftal reekse saamgevat kan word.

Die eerste reeks onderwerpe gaan oor die amp van die gelowige as sodanig. Die volgende vrae word aangespreek: Wat was die amp van die paradysmens? Wat beteken die verlossing deur die Christus vir die herstel van die paradysamp? Wat behels die profetiese, priesterlike en koninklike roeping? Hoe moet die toerusting vir die amp geskied in die erediens, in persoonlike Skrifstudie, in die huisgodsdiens, in studieverenigings, deur aanskaf en gebruik van ondersteunende literatuur, deur gebed en aanvaarding van ons konkrete roeping hier en nou?

Die tweede reeks onderwerpe handel oor die bediening van ons amp van gelowiges in die kerk.Vrae soos die volgende moet beantwoord word: Wat is die verhouding van die amp van die gelowige en die besondere ampte in die kerk? Wat is die verhouding van die kerk en die koninkryk van God? Aan watter norme moet die prediking voldoen om die amp van die gelowige te stimuleer? Watter norme stel die Skrif vir huisbesoek? Waarom is ons gereformeerd? Wat beteken Skrifgesag in die praktyk? In hoeverre moet ons mekaar verdra? En waar lê, in die lig van die Skrif, die grens van ons toleransie? Waaraan toets ons kerklike besluite? En hoe tree ons op as besluite volgens ons oortuiging nie met die Woord ooreenstem nie?

Die derde reeks onderwerpe fokus op die bediening van die amp van die gelowige in die huwelik, die gesin en die skool. Vrae waaraan aandag geskenk moet word, is: Wat is die betekenis van die huwelik? Wat is die roeping van man en vrou? Hoe om godvrugtig op die huwelik voor te berei? Wat van gesinsvorming en opvoeding van ons kinders in die amp van gelowige? Watter onderwys behoort ons kinders te ontvang?

Die vierde reeks onderwerpe sien die amp van gelowige in die lewe buite die kerk en die gesin. Hier kom sake ter sprake soos die bediening van die amp van gelowige in die beroep, beroepskeuse in diens van God, rentmeesterskap in besteding van tyd, geld en goedere, gereformeerde wetenskap-beoefening (in alle wetenskappe), die konkretisering van Bybelse norme in die politiek, mediese etiek ens.

Die vyfde reeks onderwerpe rig ons gedagtes op die wêreld van ontspannning. Wat beteken ontspanning in die diens van God? Waar en wanneer ontaard sport in afgodsdiens? Watter plek neem die gemeenskap van die heiliges in by ontspanning?

Dit spreek vanself dat nie al hierdie onderwerpe gelyktydig en in bogenoemde volgorde behandel kan word nie. Dit is wel die bedoeling dat ons blad in 'n aantal jare die totale diens van die Here beskryf, tot ondersteuning in die bediening van die amp van die gelowige.

Met die vorige redaksionele artikel en hierdie een het die redaksie die hooflyne van sy beleid vir die lesers uitgespel. Ons werk op die fondament wat gelê is: die leer van die Heilige Skrif soos Die Gereformeerde Kerke in ons land in hulle drie formuliere van enigheid bely.

*Die redaksie.*

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134

*Intekengeld:*
R 50 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

INHOUD:

1 **Redaksioneel**
2 **Skrifoordenking:** God werk met ons deur sy Woord
Ds JH Howell
3 **Die praktyk van ratifikasie**
Ds GJ Meijer
5 **Op pad na sinode 2000**
Dr JG Meijer
7 **Middelmatige dwalings?**
Ds ALA Buys
8 **Mediese etiek**
JM Boon
10 **Die Heilige Engele van God (2)**
Prof L Floor

Ds JH Howell

SKRIFOORDENKING

# God werk met ons deur sy Woord

*Jesaja 55:1, 11 "O almal wat dors het, kom na die waters ; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur".*

Reformasie. 'n Woord wat aan ons almal bekend is. Maar waarom het dit eintlik gegaan tydens die sestiende eeuse reformasie? Tydens die reformasie het God se Woord weer in die kerk en die erediens die plek gekry wat dit verdien. 'n Ereplek want God werk met ons deur sy Woord.

In Jes. 55 hoor ons die Woord van die Here aan die volk in ballingskap. Hulle was platgeslaan en moedeloos. Weg van alles wat vir hulle dierbaar en kosbaar op aarde was.

In hierdie moedelose en menslik hopelose situasie praat die Here weer met daardie deel van die volk wat aan Hom bly vashou het. Deur die profete het hulle voortdurend die Woord van God gehoor. Hulle het gehoor van die Here se seën as hulle gehoorsaam sou wees aan die Woord.Hulle het gehoor van straf en tugtiging as hulle ongehoorsaam sou wees. En . . . hulle was ongehoorsaam aan God. Daarom het Hy hulle in ballingskap laat wegvoer. Wat God in sy Woord onderneem, dit voer Hy uit.

God en sy Woord is immers waaroor alles gaan. Ook in en vir ons lewens. Wat sê die Here? Dit wat ons hoor tydens die erediens, by die katkisasie, by die huisbesoek, in ons gesprekke onder mekaar, is dit werklik: So sê die HERE Here? Die Woord van die Here sal nie onverrigter sake na Hom toe terugkeer nie.

Nooit het die Here sy volk Israel uitgelos nie. Nooit kon die volk die Here verwyt dat Hy hulle nie vooraf gewaarsku het nie. Telkens het die profete die volk na die Here toe teruggeroep: Bekeer julle. Keer terug na die Here. Soek die Here terwyl Hy nog te vind is. Maar helaas, alles tevergeefs. Die volk het hulle doof gehou vir die Here se Woord. Hulle wou nie die Here se Woord in die profete se woord hoor nie.

En vandag? Hoe weet ons dat die predikant die Here se wil aan ons bekend maak? Daar is maar een manier. Deur sy woorde te toets aan die Woord van God. En wanneer dit duidelik is dat God deur hom praat, moet ons voor daardie Woord buig. Die Woord wat nie leeg, nie onverrigter sake nie, na God terugkeer nie.

So maak God se Woord die mensdom ryp. Ryp vir die hemel of ryp vir die hel. Niks of niemand kan die uitwerking van sy Woord keer nie. Onweerstaanbaar doen die Woord waarvoor God dit gestuur het. Daarom moet daardie Woord gebring word, tydig en ontydig, op God se bevel. Suiwer en helder en duidelik. Reguit en op die man af moet dit gebring word.

En so roep die Woord ons op om te buig voor ons Hemelkoning. Dit is die groot oproep vandag en vir alle tye: Buig voor die enige ware drie-enige God en sy onfeilbare Woord. Buig. Ons moet nie die Woord probeer aanpas en probeer interpreteer volgens ons menslike idees en sieninge nie.Moenie die Woord probeer kinkel volgens jou nukke en grille nie.

Ons het almal ons eie besondere voorkeure en afkeure. Daar is altyd dinge waarmee ons of meer of minder gemaklik is. Gelowiges wat onbeskaamd vashou aan die gereformeerde leer, wil in wese niks anders sê nie as dat ons ons neerlê voor God en sy Woord. Dat ons buig voor God se Woord, dit beteken dat ons alleen God se wil doen. Daarom vra ons klein en kinderlik na die Here se wil.Sonder allerlei slim redenasies en poginkies om die eenvoudige waarheid van die Woord te omseil. Dink maar aan die manier waarop die Here die nagmaal laat instel het . . . met brood en wyn wat in 'n beker aangegee is terwyl gelowiges aangesit het rondom 'n tafel. So wou die Here dit nie sonder rede juis so hê nie. Daarom volg ons Hom ook hierin na. Ons buig voor die Here en sy Woord.

Maar hoekom dan so? Raak dit nie nou 'n bietjie eng en nougeset nie? Behoort 'n mens nie maar meer toegeeflik en verdraagsaam teenoor mekaar in hierdie dinge te wees nie? Nee, en nogmaals nee. Anders word die Woord van die Here later so afgewater dat die grootste wonder van alle wonders later geen betekenis meer inhou nie. Wie begin torring aan die Woord en wie self wil bepaal dat net sekere dele van die Woord van belang is, vir hulle sal die koms en die kruisiging en die opstanding en die hemelvaart van ons Here Jesus Christus ook al minder van belang wees.

Maar die Here toets ons. Hy wil sien of ons buig voor sy Woord. Wat is ons reaksie op sy Woord? Sy Woord keer immers nooit leeg na Hom toe terug nie. Daarom moet ons daardie Woord sonder ophou bring.

Ook die groot uitnodiging van Jesaja 55:1 moet ons laat weerklink: "Kom, almal wat dors het, kom na die waters toe, selfs ook die wat nie geld het nie, kom, koop, sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk." God roep ons deur sy Woord: Kom drink by die Bron van die lewende water. Kom les jou dors by Jesus Christus self.

Hoor maar weer die woorde van Jesaja 55: "Koop . . . ja, koop sonder om te betaal". As jy dors is, kom koop . . . verniet! Wat 'n wonderbare boodskap. Koop . . . verniet. En dit alleen omdat God so goed is. Omdat Hy so liefdevol is. Omdat Hy my uit genade sy kind gemaak het. Die onveranderlike God se Woord keer nooit leeg na Hom toe terug nie. Daarom bring ons die Woord, tydig en ontydig. Deur sy Woord werk God met ons. Sonder ophou werk Hy met ons. Wonderbaarlik. Daarvoor moet ons Hom dank.

# Die praktyk van ratifikasie

Ds GJ Meijer
Ermelo

Oor die toepassing van Artikel 31 Kerkorde in ons kerklike lewe is daar in die vyf vorige uitgawes van Waarheid en Dwaling in die rubriek "Op pad na Sinode 2000" verskeie prinsipiële opmerkings gemaak. Die woorde "vir vas en bindend hou" in Artikel 31 behels in hoofsaak drie dinge. Kerkrade is daartoe verbind om:

- besluite van die sinode te bestudeer en te toets,
- besluite van die sinode geldig te verklaar en as hulle eie te aanvaar,
- besluite van die sinode uit te voer.

Wat hier volg, is "'n praktiese, punt-vir-punt uiteensetting van dié drie onderskeie handelinge. Dit word aangebied met die wens dat dit met vrug gebruik kan word.

## Besluite bestudeer en toets

### *Indeling van die werk*

- Die acta van die sinode word deur 'n kommissie, bestaande uit twee of drie kerkraadslede, deurgegaan en in sinvolle onderdele verdeel. Die indeling kan taamlik maklik aan die hand van die inhoudsopgawe van die acta gedoen word.
- Besluite oor spesifieke onderwerpe - soos korrespondensie met buitelandse kerke, viering van nagmaal, of liturgiese aangeleenthede - word saamgegroepeer.
- Sake waarvan die kerkraad slegs kennis kan neem, word onderskei van sake wat so gou moontlik deur die kerkraad uitgevoer moet word. Neem - wat laasgenoemde betref - kennis van die artikel "Sinodebesluite wat dringende aandag verg" elders in hierdie uitgawe.

### *Verdeling van die werk*

Aan die hand van die indeling word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer.

- Elke kommissie is verantwoordelik vir die bestudering van 'n spesifieke onderdeel wat aan hom toegewys is. As daar genoeg eksemplare van die acta beskikbaar is, kan kommissies tegelykertyd werk. Dit sal die proses van ratifisering aansienlik bespoedig. Dit staan 'n kommissie vry om gemeentelede by die studie te betrek.

  Sodoende word die gemeente se nodige belangstelling vir die werk van die meerdere vergaderings geprikkel.

- Die kommissie se taak is die volgende:
  a) Die punt(e) uit die acta wat met die oog op bestudering aan hom toegeken is, word in geheel gelees en kernagtig op skrif saamgevat.
  b) Die besluit wat die sinode met betrekking tot die saak geneem het, word woordeliks weergegee.
  c) Die aanloop tot die besluit asook die besluit self wat die sinode geneem het, word aan die Skrif, belydenis en kerkorde getoets om vas te stel of dit ten volle daarmee ooreenstem.
  d) Die kommssie stel sy bevindinge op skrif.
- Die studieresultate dien by wyse van 'n skriftelike rapport as 'n aanbeveling op die kerkraad. Die kerkraad hanteer dit soos volg:
  e) Die kerkraad neem indringend kennis van die sake waaroor die sinode besin het, soos wat dit kernagtig deur die kommissie weergegee is.
  f) Genoegsame ruimte word vir kerkraadslede geskep om aan die kommissie vrae te stel in geval iets uit die acta onduidelik is. Sodoende kom die hele kerkraad op hoogte van hoe die sinode oor 'n spesifieke saak besin het en wat hulle daaroor besluit het.
  g) Die kommissie se bevinding, nadat hulle die betrokke besluit van die sinode getoets het, dien vervolgens as voorstel op die kerkraad.
  h) Met die bespreking van die voorstel toets die hele kerkraad die besluit van die sinode.

## Besluite geldig verkaar en aanvaar

- Na gelang van die toets, spreek die kerkraad een van twee uit: òf hy verklaar die besluit van die sinode geldig (dit kom ooreen met die Skrif en die kerkorde), òf hy verklaar dit ongeldig (dit kom nie ooreen met die Skrif en/of die kerkorde nie).
- Hierdie geldig- of ongeldigverklaring moet genotuleer word. Byvoorbeeld: "Die kerkraad verklaar die besluit van die sinode insake . . . (Acta, punt ...) geldig en aanvaar dit as sy eie besluit."
- Indien die kerkraad 'n besluit geldig verklaar het, is die volgende stap om dit as 'n eie besluit te aanvaar.
- Die bedoeling van die "aanvaarding" moet duidelik gestel word, naamlik dat die

***Artikel 31***

*Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep tot by die nasionale sinode. Beroep van 'n nasionale sinode op 'n algemene sinode is slegs moontlik wanneer 'n beroep gedoen word op die Skrif, belydenis en kerkorde, of 'n uitspraak van die algemene sinode.*

kerkraad die besluit van die sinode nou welbewus as sy eie verklaar.

- Indien bevind word dat 'n besluit ongeldig is, moet die redes daarvoor noukeurig in die notule opgeneem word.
- Die volgende stap in geval van ongeldigverklaring is om die bewyse daarvoor - wat reeds genotuleer is - by wyse van 'n beswaarskrif aan die kerkverband bekend te maak.

## Besluite uitvoer

- Die besluit van die sinode, wat intussen die besluit van die kerkraad geword het, moet nou uitgevoer word.
- Sommige besluite kan nie in die plaaslike kerk toegepas word nie, byvoorbeeld die sinode se uitspraak oor 'n appèlsaak in 'n ander gemeente. In so 'n geval handel die kerkraad nie verder met die besluit nie.
- Sommige besluite kan nie direk uitgevoer word nie, maar moet in gedagte gehou word, byvoorbeeld besluite oor korrespondensie met buitelandse kerke. Dit sou goed wees as die kerkraad vir homself 'n register aanlê waarin sulke besluite opgeteken word, en waarna maklik verwys kan word as dit nodig blyk te word.

  Sommige besluite moet deur funksionarisse in die gemeente uitgevoer word, byvoorbeeld die betaling van ramings en verpligte kollektes. Hieraan moet direk aandag gegee word.
- Deur sommige besluite word die hele gemeente geraak, byvoorbeeld liturgiese aangeleenthede. In so 'n geval moet die kerkraad, nadat hy die besluit van die sinode getoets, geldig verklaar en sy eie gemaak (geratifiseer) het, so gou moontlik die gemeente oor sy besluit inlig. Die aangewese weg sou wees dat die kerkraad 'n gemeentevergadering belê en die saak diepgaande met die gemeente bespreek. Sodoende kan die hele gemeente ook onder die indruk van die korrektheid van die besluit kom en van harte deelneem aan die uitvoering daarvan. Die gemeente leer tegelyk insien dat die besluit nie maar net "'n sinodebesluit" is wat "van bo af kom" en teen wil en dank uitgevoer moet word nie, maar dat die betrokke besluit hulle eie kerkraad s'n is, wat in die Naam van die Here oor hulle moet regeer.
- Indien 'n lidmaat op grond van Gods Woord of die geldende kerkorde aantoon dat 'n besluit ten onregte deur die kerkraad geldig verklaar en aanvaar is, moet hy/sy die bewyse daarvoor aan die kerkraad voorlê sodat die kerkraad sy besluit kan heroorweeg.

## Tydskedule

Vir die omvangryke werk van ratifikasie is daar nie baie tyd nie. Sinodebesluite moet so gou às moontlik uitgevoer word. Aan die ander kant, indien 'n kerkraad sou bevind dat 'n bepaalde besluit nie geratifiseer kan word nie, moet daar met haas opgetree word. Soos hierbo vermeld, is die korrekte kerklike weg dat 'n beswaarskrif oor die betrokke besluit by die klassis moet dien. Indien die klassis bevind dat die beswaar van die kerkraad gegrond is, word dit na die eersvolgende partikuliere sinode verwys. Vandaar gaan dit na Nasionale sinode 2000. Die proses mag dalk omslagtig lyk, maar is nietemin gebiedend noodsaaklik. Menslike kortsigtigheid en eiewilligheid moet ten alle koste vermy word.

Die kerklike weg bring noodwendig druk in tyd teweeg. Die voorlopige agenda vir sinode 2000 word reeds in die winter van 1999 voorberei. Slegs een partikuliere sinode word tussen nou en winter 1999 gehou: die partikuliere sinode van November 1998 - dit is aan die einde van hierdie jaar!

Met die oog daarop moet kerkrade fluks aan die werk spring. Waarheid en Dwaling wil kerkrade hierin behulpsaam wees, deur op 'n maandelikse basis sekere besluite van die sinode 1997 onder die loep te neem. Mag al hierdie aktiwiteite daartoe bydra dat die eer van God gesoek sal word.

## *Administrasie*

*Soos wat die lesers seker agtergekom het, het "Waarheid en Dwaling" 'n nuwe baadjie aangetrek. Ons het ook ons administrasie en drukwerk opgeknap, sodat ons al die nommers in die toekoms betyds by die lesers kan hê.*
*Dit is dinge wat natuurlik geld kos. Daarom versoek ons die lesers om hulle bladgeld gereeld in te stuur, en indien daar bykomende donasies is, sal dit hoog op prys gestel word.*

# Op pad na Sinode 2000

Dr JG Meijer
Pretoria

## SINODEBESLUITE WAT DRINGENDE AANDAG VERG

*Gereformeerde kerkrade en lidmate is aan mekaar gegee om hulle gawes tot nut en saligheid van almal aan te wend. Hoe pas ons hierdie wet van die gemeenskap van heiliges toe by die ratifikasie van sinodebesluite? Hierdie vraag word in hierdie artikel beantwoord.*

Die *Handelinge* van die Nasionale Sinode 1997 het in druk verskyn. Elke kerkraad het die boekwerk ontvang.

### Die inhoud van die *Handelinge*

Die inhoud bestaan uit 29 hoofstukke. Elke saak waaroor die Sinode op verskeie tydstippe gehandel het, word as een geheel aangebied. Die stukke wat by die Sinode ingehandig is, die rapport van die kommissie wat die betrokke saak bestudeer het en die besluit of besluite wat die Sinode oor die saak geneem het, is in een onderafdeling van die *Handelinge* saamgegroepeer. Hierdie ordelike samestelling maak die boek veel beter leesbaar as die 'Handelinge' van vroeëre nasionale sinodes.

Dink egter nie, leser, dat die ordelike samestelling u in staat stel om hierdie *Handelinge* in 'n aand of twee deur te werk nie. Die omvang van hierdie boek is groter as enigeen van sy voorgangers. Die teks van hierdie notules beslaan 933 bladsye (pp.15-947). Bowendien gee die *Handelinge* die verslag van 'n kerklike vergadering, 'n verslag wat nie soos 'n populêre geskrif gelees kan word nie. 'n Mens moet al lesende kophou om al die sake oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe te verstaan.

### Die belofte van die kerke

Die kerke belowe aan mekaar dat hulle hul daarop sal toelê om die kerkorde te onderhou (KO, art. 86). Die oorpronklike 'sal' is in ons kerkorde helaas, net soos in artikel 31, verander. Dit het 'moet' geword. 'n Beloftewoord van vrye kerke aan mekaar is gewysig tot 'n van bo af reglementerende eis. Jammer. Dit word egter in hierdie verband slegs terloops en voorlopig opgemerk.

Kerke belowe aan mekaar om hulle daarop toe te lê om die kerkorde, ook artikel 31, te onderhou. In vorige artikels van hierdie reeks is verduidelik wat die onderhouding van artikel 31 beteken. Kerkrade belowe om die besluite van meerdere vergaderings aan die Skrif, die belydenis en die kerkorde te toets. As dit in ooreenstemming met die norme is, verklaar kerkrade dit geldig, aanvaar hulle dit as hulle eie besluite en voer hulle dit uit.

'n Kerkraad wat daarenteen na toetsing van 'n besluit tot die oortuiging kom dat dit in stryd is met die Woord, die belydenis of die kerkorde, verklaar daardie besluit ongeldig, aanvaar dit nie as sy eie besluit nie en voer dit dus nie uit nie. Hy kom sy belofte in artikel 31 na deur aan die meerdere vergadering die bewys voor te lê waarom die betrokke besluit nie in die lig van die onder ons geldende norme as 'n geldige besluit verklaar, aanvaar en uitgevoer mag word nie.

### Belofte en daad

Beloftewoorde is bindend en verbindend. Die Here sê in die bergrede: "Laat julle woord wees: Ja, ja, nee, nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose" (Matt 5:37). Hierdie vermaning word aan elkeen gerig, ook aan kerkrade wat belowe het (hulle ja-woord gegee het) om artikel 31 te onderhou.

Kerke kom volgens artikel 31 nie slegs elkeen afsonderlik nie, maar ook saam, in eenheid van geloof, tot uitvoering van sinodebesluite, of nie. So buig hulle saam met die daad die nek onder die juk van Jesus Christus en erken Hom saam as hulle enigste Hoof (NGB, art. 28,29).

Maar wat van die praktiese uitvoering van die belofte in artikel 31? Is dit vir enige kerkraad moontlik om op 'n kort termyn die omvangryke notuleboek van die laaste sinode deur te werk sonder om die werk in die gemeente te laat skade ly? Dit is wel moontlik, indien alle beskikbare kragte ingespan word.

Kerkrade kan lidmate in die amp van gelowige versoek om sekere gedeeltes van die *Handelinge* te bestudeer en voorstelle vir ratifikasie in te handig. Verder kan verskeie kerkrade mekaar se hande vat, elke ampsdraer 'n klein gedeelte van die boekwerk laat bestudeer en saam as ampsdraers in 'n konferensie gedagtes uitwissel. Sodoende help kerkrade mekaar om deur gesamentlike inspanning die sorgvuldige toetsing van die sinodebesluite en die weloorwoë aanvaarding of afwysing daarvan voor te berei.

### Helpende hande

Hierdie artikelreeks steek na die kerkrade en na die lidmate in die amp van gelowige 'n helpende hand uit. U, leser, ontvang in hierdie reeks my persoonlike oorweging en beoordeling van sinodebesluite.

Ek soek ook u helpende hande. Die lesing van hierdie en volgende artikels en die oordenking daarvan in die lig van die Skrif, die belydenis en die kerkorde kan die volgende reaksies teweegbring:

* Eerste reaksie: "Ek stem saam." My advies is: Sê dit aan u kerkraad om sy ratifikasie-las te help verlig.

* Tweede reaksie: "Ek dink die skrywer se motivering is onvoldoende. Daar moet ander en beter gronde vir sy regte standpunt aangevoer word." My versoek is: Stuur u beter begronding aan die redaksie. Dit sal in die artikelreeks verwerk word.
* Derde reaksie: "Ek dink die skrywer se oordeel is nie reg nie." My versoek is: Stuur die redes waarom u dit nie reg bevind nie, aan die redaksie. Ook dit sal in die artikelreeks verwerk word.
* Vierde reaksie: "Die skrywer stel verkeerde of onvoldoende prioriteite." My versoek is: Skryf u oordeel en die begronding daarvan neer en stuur dit aan die redaksie. U reaksie sal in die artikelreeks verwerk word.

My versoek is kortliks dat ons in die kerklike samelewing helpende hande na mekaar uitsteek. Ons bewys deur onderlinge hulpverlening met woord en daad ons gemeenskap van heiliges oor die grense van die plaaslike kerke heen (HK, antw. 55). En ons help mekaar om ons in die toetsing van sinodebesluite ooreenkomstig die suiwere Woord van God te gedra en alles wat daarmee in stryd is, te verwerp (NGB, art. 29). Tot eer van die HERE en tot heil van sy kerke.

## Sake vir dringende aandag

Daar is volgens my oortuiging sestien sake waaraan die kerkrade in die ratifikasieproses dringend aandag behoort te gee. Vyf daarvan is besluite wat myns insiens vir vas en bindend gehou kan word. Een daarvan vra 'n bietjie meer aandag. Die ander elf is sake wat ons myns insiens nie sonder meer as kerkraadsbesluite kan aanvaar en uitvoer nie.

Verwysings na die *Handelinge* word hieronder en in volgende artikels so kort moontlik gehou. Die syfer tussen hakies verwys na die bladsy en die syfer na die dubbelpunt verwys na die punt (nommer) op die betrokke bladsy. Die vyf sake wat kerkrade sonder verdere bespreking as eie besluite kan aanvaar, nommer ek in volgorde van besluite wat die minste tot dié wat die meeste inspanning by die uitvoering daarvan vra. Motivering hiervan word in die volgende artikel van hierdie reeks gegee. Die ander elf sake nommer ek in volgorde van prioriteit. Motivering hiervan volg verderaan in hierdie reeks.

### *Die vyf sake*

Die vyf sake wat myns insiens vir vas en bindend gehou kan word, is:

1. Wysiging van formuliere vir die bediening van doop aan kinders en aan volwassenes (730).
2. Die besluit oor artikel 19 van die kerkorde m.b.t. teologiese studente (889).
3. Kerke wat artikel 31 van die kerkorde nie onderhou nie (543). Hierdie saak vra 'n bietjie meer aandag, soos hierbo reeds meegedeel is.
4. Die revisie van artikel 25 van die kerkorde oor die diakenamp (562-568).
5. Die besluite n.a.v. dalende lidmaatgetalle (871-882) en oor evangelisering (379-381).

### *Die elf sake*

Die elf sake wat nie sonder meer vir vas en bindend gehou kan word nie, is in volgorde van prioriteit soos ek dit sien:

1. Toelating tot die nagmaal volgens die gewysigde art. 61 KO (530-535).
2. Verkiesbaarheid van vroue in besondere ampte (545-585).
3. Nagmaalviering (584-730).
4. Hersiening van liturgie (731-768).
5. Korrespondensie met buitelandse kerke (197-214), met name die korrespondensie met die Christian Reformed Church (Amerika), met die Reformed Churches of Australia en met die Nederlands Gereformeerde Kerken. Moontlik moet ook die wyse waarop korrespondensie met 'n kerkgroepering in Botswana aangegaan is, nader bespreek word.
6. Die belydenis dat Christus na die hel neergedaal het (571-574).
7. Kerkverband oor taal- en kultuurgrense heen (864-871).
8. Die Konvent van Reformatoriese Kerke (183-195).
9. Deputate vir Christelike Onderwys (464-504).
10. Toesig oor emeritus-professor (526-530).
11. Nuwe Skrif- en Psalmberymings (773-788).

Lesers wat meen dat meer sake vir dringende aandag aan die bogenoemde sestien toegevoeg moet word of oordeel dat die prioriteit-orde verander behoort te word, word herinner aan die bostaande versoek om samewerking: Stuur u reaksie asseblief aan die redaksie. Mag ons saam biddende werk aan en werkende bid om die bewaring van die kerke in die eenheid van leer, diens en tug.

# Middelmatige dwalings?

Ds ALA Buys

*Die Heilige Gees getuig in ons hart dat die Skrif Gods Woord is. Hierdie belydenis is die uitgangspunt van die Gereformeerde hermeneutiek, die speerpunt teen post-modernisme.*

Verstaan jy die teks wat jy lees, of glo jy wat God aan jou sê? Mag ons regtig die Bybel interpreteer? Mens kan hierdie vraag natuurlik op twee maniere verstaan. "Interpretasie" met die bedoeling om te wil na sê wat die Heilige Gees deur die Heilige Skrif sê - te midde van al die moontlike sake wat verkeerd kan loop. Mens kan ook egter "interpretasie" verstaan in die sin van om betekenis toe te ken aan die teks (die Bybel as historiese dokument) vanuit jou eie veranderende konteks. Die gevaar bestaan dat ons ons veranderende konteks bepalend kan laat meespreek veral as dit by sake kom wat tans as middelmatig deurgaan.

## Kruispad

Ons bely saam met die NGB art 3 die Goddelike inspirasie van die Bybel as die Woord van God. Ons bely nog meer as dit in artikel 5. Ons bely ook dat God die Heilige Gees in ons harte getuig daaroor: "En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is, en nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is".

Met die verstaan van die Bybel kom ons hier by die kruispad. Daar is diegene wat bely dat die Bybel as historiese dokument deur God geïnspireer is, en daar is die wat ook daarmee saam bely dat die Heilige Gees werksaam is by die Skrifuitleg. Sonder laasgenoemde belydenis (wat voortkom uit 2 Pet 1:19-21) is kerklike verdeeldheid en verwarring ons voorland.

## Nie kennende mens

Gaan dit oor die kennende mens of die openbarende God? Dit is van weinig waarde om net te bely dat God die Bybel geïnspireer het, dat die Bybel 'n boodskap het, maar dat God dit aan ons oorlaat om agter te kom wat daardie boodskap is. Dit is 'n hanetreetjie verder om by die post-modernisme uit te kom wat sê: Die werklikheid, God en wêreld, bestaan, maar is nie juis kenbaar nie. God moet verstaanbaar gemaak word vanuit 'n antieke teks.

## Barth se invloed

Om net die inspirasie van die Bybel te bely, maar nie die Heilige Gees se werking by interpretasie nie, is die vroeë verbloemde tekens van Barthiaanse hermeneutiek. Die enigste verskil met volledige Barthianisme in die stadium is die verskil oor historisiteit.

(Vergelyk hier Schilder se proefskrif oor sy vergelyking tussen Barth en Calvyn. "Zur Begriffsgeschichte des 'Paradoxon'. Kok, Kampen 1933, of die korter weergawes in "Tussen 'Ja' en 'Neen' - Verzamelde opstellen". Kok, Kampen 1929, of ook De Reformatie, 4 Okt 1935, jrg xvi. Vgl. ook Cornelius van Til se "Christianity and Barthianism", en "Karl Barth's Theological Method" deur Gordon Clark, Trinity Foundation). Dit lyk ongelukkig of hierdie klanke ook kop uitsteek in die GKSA. (Vgl. "Moet jy praat of moet jy swyg? Gedagtes na aanleiding van Spreuke 26:4-5" Promosieplegtigheidsrede, Teologiese Skool Potchefstroom, Prof. HF van Rooy, November 1997.)

Ander kerkverbande is al deur hierdie oefening - met katastrofiese gevolge. Waar daar met die kennende mense (met of sonder die historiese inspirasie van God) gewerk word, word net op een plek geëindig: Eksegete wat sê: "So sê die Here, altans, verskoon my maar, ek dink vir nou so."

Dit gaan hier oor die waarheid van die Heilige Skrif en nie oor die vraag of ek verstaan wat ek lees nie. Dit gaan oor geloof, en geloof is meer as blote verstaan, dis 'n knik met die hart as jy die stem van jou Vader hoor. Die Bybel kom nie net van God af nie, God is ook betrokke by die lees en verstaan van Sy Woord - God gaan mee met Sy kerk. Om te vra na 'n waarborg vir hierdie waarheid is reeds twyfel. Watter waarborg het die gelowige oor sy eie uitverkiesing? Hy kan bloot sê: "God het dit vir my gesê."

## Kontekstuele interpretasie

Hierdie nuwere hermeneutiek van kontekstuele interpretasie, met 'n soeke na geldige waarborge vir die kennende mens se (verskillende en veranderende) eksegese en toepassings, gaan net op een plek eindig: skeptisisme, die moeras van vertwyfeling. En die kanker werk stadig, maar versmoor die kerk.

- Die eerste fase is om met die onderskeid middelmatige en wesentlike sake te werk. Dit is waar bely word dat die boodskap van die Bybel oor die wesentlike sake duidelik is, soos bv. saamgevat in die apostoliese belydenis, maar dat by middelmatige sake daar versigtig omgegaan moet word met menslike interpretasies. Ons moet mekaar toelaat om van mekaar te verskil, om na mekaar te luister en te aanvaar dat verskille voorkom oor middelmatighede.

- Die tweede fase is dat daar agtergekom word dat die grens tussen middelmatige sake en wesentlike sake maar dunnerig is, en dat dit (vanuit die kennende mens) eintlik demokraties bepaal word.
- Dit baar uiteindelik die derde fase wat sê: As ons nie seker is oor middelmatige sake se waarhede nie, en as ons nie seker is oor wat is middelmatige sake nie, kan ons dan so seker wees dat daar so iets is soos "die boodskap van die Bybel"? Moet ons nie eerder begin praat van 'n boodskap (toegeken deur myself uit my eie leefruimte) aan 'n Bybelteks of -boek nie. As hierdie fase tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. Dan verander die belydenis van "Ek glo in God die Vader ... "(omdat Hy Hom so openbaar) na "Ek dink die Here is vir my soos 'n Vader, dalk 'n moeder, want wat bedoel die teks nou met metafore ...". Ek as beperkte kennende mens sukkel om die/'n boodskap van die teks te ontsluit/af te lei/te ontrafel.

Met hierdie hermeneutiek van kontekstuele interpretasie (wat natuurlik gereelde her-interpretasie of relativisme insluit, nie net van middelmatige menslike uitsprake nie, maar uiteindelik ook oor sg. wesentlike sake) is ons nog in die eerste fase. En daar is geen waarborg dat die ander twee fases nie sal volg nie. Dit is 'n matematiese logika.

## Geen middelmatigheid

Ten slotte moet die vraag gevra word: Is daar so iets soos middelmatige sake? Dit is so dat die GKSA van lankal af hierdie onderskeiding tref, en dit is nie nuut aan die hermeneutiek van die kennende mens nie. Maar is dit geldig, mag ons praat van middelmatige sake? En is dit nie waar "middelmatige" dwalings vandaan kom nie? Alle dwalings is aanvanklik net 'n paar grade van die spoor af.

Die eet van offervleis (in 1 Kor 8) is hier 'n goeie voorbeeld. Sommige maak dit 'n wesentlike saak. "Ons mag nie deel hê aan die afgode nie". Ander maak dit 'n middelmatige saak: "Wat maak dit nou saak waarvoor die vleis eers gebruik is, die belangrikste is dat alles aan die Here behoort". Is daar baie duidelikheid oor die vraag: Wat sê God (nie die Teks nie), kan ons die vleis eet of nie?

Paulus werk egter nie met die onderskeiding wesentlike/middelmatige sake nie. Vir God is alles wesentlik. maar albei die groepe in Korinte moes leer dat dit van A-Z oor God se eer gaan. Die wesentlike is dat mens afgode nie mag vereer nie, mens mag nie so afgodsvleis eet nie. Die wesentlike is ook dat alle vleis aan God behoort (Ps 24) en dat mense sulke geofferde vleis mag eet. Die wesentlike is dat gelowiges nie medegelowiges mag laat struikel nie. Die wesentlike is dat dit oor 'n rein gewete gaan - nie van jouself nie, maar van jou broeder en suster waarvoor Christus gesterf het. Die hoede, die kelkies, psalms of gesange, liturgiese sake - niks is middelmatig nie. Alles is wesentlik, maar op so 'n manier dat na God geluister word.

## Hoogmoed en nederigheid

Is dit hoogmoed om te sê: "Ek weet wat die waarheid is, omdat God dit aan my deur sy Woord en Gees geopenbaar het"? Of is dit eerder ongehoorsaamheid om te sê: "Wees versigtig wat jy sê, dalk verstaan jy (jouself en konteks) nie reg as jy lees nie"?

Die waarheid, Christus, het geen waarborg nodig nie. Hy sweer net by Homself. God lei sy kerk in die waarheid deur sy Heilige Gees wat hulle die Vader se stem laat herken. Hermeneutiek is wesentlik 'n geloofs-aangeleentheid. Middelmatige aansprake is die gat in die muur vir die klein jakkalsies. Die hermeneutiek van die openbarende God. Dit is wat die kerke in hierdie verwarde dae nodig het. Die hermeneutiek van die openbarende God, dit sluit in God se leiding by inspirasie, EN uitleg, EN toepassing, EN die moed om te sê: Hierdie is die waarheid en daardie is die dwaling.

As die belydenis (ook die volle artikel 5 NGB) ter sprake kom, moet daar weer gevra word: bely ons nog wesentlik dieselfde as dit by lees en glo van die Heilige Skrif kom?

---

JM Boon

MEDIESE ETIEK 3

# Die taak van die pasiënt

*Pasiënte mag nie uit eie beweging passief raak nie. Die Here roep sy kinders ook op die siekbed om Hom aktief te dien.*

Dit klink vreemd om te sê dat 'n pasiënt ook 'n taak het. 'n Mens sou dink dat 'n pasiënt wat siek is, juis moet gesond word om sy taak uit te voer.

Ons bely egter dat ons in lewe en sterwe aan Jesus Christus toebehoort en deel het aan sy salwing. Dit geld ook op ons siekbed en daarom moet ek ook op my siekbed sy Naam bely (profeties), my lewe as lewende dankoffer aan Hom toewy (priesterlik) en in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel stry (koninklik).

Die taak van die pasiënt is agter Christus aan. Christus het al ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (Jesaja 53:4). Christus kon ook self siek word. Omdat Christus ook ware mens is, het Hy ook gebuk gegaan onder die gevolge van die sonde. Hy het self daaronder gely sodat Hy ons kan help wat siek word.

Christus se lyding was baie meer en dieper as wat ons ons kan voorstel en wat ons lyding ooit kan wees. En tog was Hy ook in sy lyding profeet, priester en koning. Dit beteken dus dat, as ons agter Christus aan ons kruis opneem, ons ook in siekte profeet, priester en koning mag wees.Dit kan juis omdat Christus ons voorgegaan het. Dit werk bevrydend, veral as ons siek is, om te weet dat ons ook in ons siekte agter Christus mag aangaan. En dat dit selfs 'n taak meebring. Ook op ons siekbed mag ons 'n getuienis vir Christus wees.

## Profeties

Dit beteken eerstens om te bely dat Christus ons Koning en Geneesheer is. Om profeet op jou siekbed te wees beteken dus om jou afhanklikheid van God te bely, en te bely dat niks sonder die wil van ons hemelse Vader oor ons kom nie (HK, Sondag 10). Ook die siekte kom nie per toeval nie, maar uit God se Vaderhand na ons toe.

Verder kan ons profeties bely dat die Here ons deur die hand van die dokter, verpleegster, en ander terapeute wil versorg. Ook as hulle in onvolkomenheid 'n fout maak wat dalk ernstig mag wees. Ons is nie soos die wêreld wat vasstaar op die hier en nou nie, nee ons is profeet wat bely dat daar geen toeval uit God se Vaderhand kom nie.

Verder bely ons ook God se lewenswette. Ook oor die liggaam en gees wat Hy ons gegee het. Selfs al is ons liggaam verteer deur kanker, het ons nogtans 'n profetiese taak. En dan kan ons rustig bely dat ons tye in die hand van die HERE is. Dan dink ons nie oor en neem nie deel aan eutanasie en vra ons ook nie die dokter om ons daarmee te assisteer nie. Ook op ons siekbed bely ons God se lewenswette. "Want ek het geword soos 'n leersak in die rook, (maar) u insettinge het ek nie vergeet nie" (Ps 119:83). Dan kan ons getuig van God se Vaderhand, ook vir hulle wat ons versorg.

## Priesterlik

Dit beteken 'n lewe van offer en diens, ook op die siekbed. God vra ook hierdie taak. Diensbaarheid op die siekbed – selfs al is geen beweging meer moontlik nie, en is jy vasgekluister aan die bed. Dan kan jy nog 'n baie groot werk doen. 'n Werk wat seker met die meeste energie gelaai is. Dit is om te bid. Die Heilige Gees leer ons dat die gebed van die regverdige groot krag (energie) het. Al biddend kan die gelowige op sy siekbed voorbidding doen vir die kerk en God aan sy beloftes herinner (Jes 62:6). Ja, dit beteken dat sy gebed nie alleen draai om sy eie siekte nie, maar uitkring na die wêreldwye werk van ons Koning. So is die sieke enorm diensbaar.

Maar ook sy eie siekte mag die sieke aan die HERE opdra. "Open maar jou mond, eis van my vrymoedig" (Ps 81). Dat die HERE ook sodanig herstel mag gee dat jy weer God mag dien in die roeping waarin Hy jou gestel het. 'Maar indien dit jou roeping geword het om siek te wees, dat jy dit ook so mag aanvaar uit God se Vaderhand.

## Koninklik

Inderdaad het die pasiënt ook 'n koninklike taak. Eerstens stryd teen die siekte, 'n gevolg van die sonde. Hierdie stryd is agter Christus aan. Christus het in sy genade oor jou as sieke gestel dokters, verpleegsters en ander kundigheid. Dit is slegs moontlik gemaak deur Christus se oorwinning. Die pasiënt is in hierdie stryd medewerker. Sy taak is om die raad en behandeling van die dokters so gertrou moontlik na te volg – dus om die instrumente wat Christus gee, te gebruik. Christus is immers die een wat genesing skenk.

Verder het jy as sieke ook 'n stryd teen jou eie sondige natuur. Dit verlaat mens nie as jy siek is nie. Hierdie stryd gaan voort en kan selfs feller word. Die Satan ontsien nie 'n prooi wat gewond is nie. Opstandige gedagtes, selfgesentreerdheid en -bejammering verhoed ons dikwels om ons taak uit te voer. Dus ook op die siekbed moet jy die wapenrusting van God aantrek, om die pyle van die bose te kan uitblus. Hierdie aantrek van die wapenrusting is 'n definitiewe koninklike taak (Ef 6). Dit behels onder andere ook om die Skrif te bestudeer – hetsy self of as iemand voorlees. Om jouself te voed en te bewapen. Juis as jy siek is, het jy dit enorm nodig. Hierdie stryd beteken ook om nee te sê vir behandelingsopsies wat teen God se Woord ingaan.

Ons sien dat 'n mens ook tydens siekte 'n taak het, agter Christus aan. Ja ook siekwees, selfs al is die siekte dodelik, bring 'n roeping mee. Dit is moontlik omdat die verlossingswerk van Christus ook oor ons siekbed hang. Hy het ons voorgegaan, ons hoogste Profeet, Priester en Koning. Dit plaas ons siekte in die regte perspektief.

Prof L Floor
Emeritus-professor van die Teologiese Skool Potchefstroom

# Die heilige engele van God (2)

*Die HERE openbaar in sy Woord baie meer oor die engele as wat ons gewoonlik dink. Kennis van hierdie openbaring verryk ons in die geloof.*

## Die blydskap van engele

Engele is bly selfs oor een sondaar wat hom bekeer (Luk 15). Maar nou is daar 'n probleem - mag ons hierdie teks gebruik om die blydskap van die engele te identifiseer? Luk 15:10: "So sê Ek vir julle is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer". Ons kan die teks ook lees, nie dat die engele bly is nie, maar dat God self bly is. Want die engele staan voor God, en daar is blydskap voor die engele wat van God afstraal. Daar is meningsverskil hieroor, sommige sê hier word die engele bedoel, ander weer sê hier word God se blydskap bedoel. Dit kan ook altwee wees. Daar is blydskap in die hemel as 'n sondaar hom, al is dit maar van een sonde, hartgrondig bekeer.

## Die diens van die engele

Engele is deur God geskape met 'n opdrag. Hulle het maar een opdraggewer - dit is God self. Dit tref ons telkens in die Bybel aan dat engele doen net dit wat God hulle opdra. Dit kan ons volgens die Kategismus van die engele leer. Die Kategismus sê dit so mooi as dit gaan oor die gehoorsaamheid aan die wil van God. Dat ons net so gehoorsaam moet wees aan God soos die engele in die hemel. "Sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel" (Sondag 49, vgl. ook Ps 103:20-21). Die engele is gewillig en getrou, in een woord baie gehoorsaam. En so moet ons ook 'n voorbeeld neem van die engele en net so gewillig en getrou wees. Ons kan natuurlik ook van die duiwel leer, want hy is ook 'n engel, al is hy gevalle. Hy kom elke Sondag kerk toe, hy is baie ywerig, maar ten kwade.

### *Gewone diens*

Engele het 'n tweevoudige diens. Ons sou dit kon noem 'n gewone en 'n buitengewone diens. Die gewone diens verrig hulle in die hemel, rondom die troon van God. Dit sien ons telkens in die Openbaring van Johannes dat daar engele rondom die troon is wat dag en nag God prys, dien en eer en aanbidding toebring. Daartoe is hulle ook geskape, om die eer, heerlikheid en grootheid van God telkens lofwaardig uit te basuin. Dag en nag loof die miljoene der miljoene engele God die Here. Engele kan ook bid en aanbid. By hulle is veral in hulle gebedslewe die aanbidding so belangrik. Want hulle is geskape juis om God te aanbid. Dit kan ons by hulle leer. As ons na ons gebedslewe kyk, kom ons soms so min uit by die aanbidding en die lofprysing van God. Hulle is voortdurend besig om God te loof.

Daar word 'n verband gelê tussen engele en sterre. En nou word gesê daar is 'n onmeetlike aantal sterre, en nou sê sommige geleerdes daar is net soveel sterre as engele. Maar daar is geen bewys hiervoor nie. Ons weet slegs dat daar 'n onnoemlike aantal engele is, ontelbaar. Dit is eintlik die enigste ooreenkoms tussen sterre en engele. Dus kan mens nie sê dat elke engel gebind is aan 'n bepaalde ster, en dat elke mens gebind is aan 'n bepaalde beskermengel wat ook weer met 'n ster in verband staan nie - dit is 'n heidense gedagte wat ons nie kan aanvaar nie.

### *Buitengewone diens*

Die engele se buitengewone diens is hulle diens op aarde. Ons ontmoet hulle al by die skepping, toe die aarde op sy grondveste gestel is. Toe het die engele daar gejuig en gejubel, God as die Skepper geprys. Maar dadelik na die sondeval staan daar engele by die poort van die paradys met 'n swaard wat vlam en flikker om Adam en Eva voor te keer. Gerubs ('n bepaalde soort engel) staan daar om die paradys te bewaak. Hoekom staan hulle daar? Was dit 'n strafmaatreël? Dat Adam-hulle uit die paradys uitgejaag is, die pragtige tuin van Eden uit die woeste wêreld in. Nee, dit was 'n besondere genade daar van God. Dat Hy die deur van die paradys toegemaak het met die gerubyne, want God wil verhoed dat hulle nie weer die paradys instorm en dan gaan eet van die boom van die lewe nie. Hulle het geëet van die boom van kennis van goed en kwaad. As hulle dit ook nog sou waag om van die boom van die lewe te eet, dan kon hulle nie meer gered word nie. Dan sou hulle ewig in die geestelike dood bly. Daarom het God die gerubyne daar geplaas om te keer dat hulle nie nog hulle hande sal uitsteek na die boom van die lewe nie. 'n Voorbeeld uit die gewone lewe hieroor is: as jy 'n diabeet is, dan is dit gevaarlik om suiker te eet, dit kan dodelik wees. So is dit met Adam en Eva. As hulle nog van die boom van die lewe sou eet sou dit dodelik wees.

## Betrek by geskiedenis

As ons nou kyk na die ontwikkeling van die heilsgeskiedenis, dan openbaar God dat by keerpunte daarvan dikwels dienstige engele aanwesig is. Dink maar aan die groot gebeurtenis van die geboorte van Christus. Eers is dit 'n engel wat met die herders praat en hulle vertel dat vir hulle die Saligmaker gebore is, Christus die Here, in die stad van Dawid. En dan is daar 'n menigte van engele wat die pragtige 'ere sy God' sing. Dan by die opstanding is daar weer engele; by die hemelvaart is daar engele wat praat met die dissipels nadat Jesus opgestyg het.

### *Minder verskynings*

Maar op Pinkster is daar alleen maar mense. Dus hoe verder die heilsgeskiedenis voortgaan, hoe minder kom daar verskyninge van engele voor. Dit wil nie sê dat daar nie nou nog engele kan verskyn nie. Daar is in die geskiedenis van die kerk baie voorbeelde van mense wat engele-verskynings ervaar het, alhoewel 'n mens daarmee uiters versigtig mee moet wees, en baie goed moet toets aan die Skrif. Maar ons sien wel dat toe die heilsgeskiedenis tot 'n afronding gekom het, dat die engele-verskynings afgeneem het. Dat God dit nie meer nodig geag het om die engele daarby nog so duidelik te laat optree by allerlei geberutenisse in die kerk na Pinkster nie.

### *Stryd as diens*

Dan natuurlik is engele ook daar om te stry. Byvoorbeeld in die boek Daniël (10). Waar ons ook die probleem kry dat elke volk ook sy eie engele het. Want Daniël praat byvoorbeeld van die engel van die volk van die Perse.

Dit is wel waar dat daar 'n stryd van engele is. Toe Moses begrawe is, het 'n engel ook gekom om Moses se liggaam te beskerm. Hy het gestry met die duiwel (Judas 9). Toe Elia na die hemel gevaar het, was daar ook 'n leërmag van engele wat hom omring het.

## Bose engele

Daar is ook bose engele wat stry teen die gelowiges van God. In die Didagè, een van die oudste geskrifte van die apostoliese vaders, sê die skrywers: Elke mens het twee engele, 'n goeie en 'n slegte. Die goeie wat hom aanspoor om die goeie te doen en dan 'n slegte wat hom aanspoor om die slegte te doen. Dit is nie uit die Bybel moontlik om dit te bewys nie, maar dit is wat die eerste christene geleer is en geglo het.

Paulus praat natuurlik van bose magte in die lug. Engele wat geval het en wat dus ook mense beïnvloed. Kyk maar die verderflike literatuur wat oor ons uitgestort word, hoeveel gif, hoeveel venyn word oor die mensdom uitgegiet, en daar is bepaalde musiek, bepaalde popmusiek, wat absoluut demonies is, wat lewensgevaarlik is en vir jou siel en saligheid moet jy daar nooit na luister nie. Daar is ook die invloed van bose engele, demone, wat dit hanteer vanuit die hel, waar die duiwel met sy trawante woon.

## Val van engele

Die bose engele beïnvloed die mensdom ,omdat daar by hulle ook sonde voorkom. In die engelewêreld het 'n sondeval plaasgevind, soos ook in die mensewêreld, maar eers in die engelewêreld. Die duiwel, ook genoem Lucifer, het in opstand gekom teen God. Hy het hoogmoedig geword, hy wou soos God wees, en hy het in sy val 'n klomp engele saamgesleep, wat dus demone, bose geeste geword het. Nie duiwels nie, want daar is maar net een duiwel, maar daar is baie bose geeste wat rondom ons is. Paulus praat daarvan in Ef 6.

Wat is nou die verskil tussen die sondeval van die engele en die van die mense? Dit sê die Bybel duidelik vir ons. Die duiwel en sy engele het uit hulleself gesondig, en die mense het gesondig deur verleiding (Gen 3). Nie dat dit nou 'n minder erge sonde is nie. Maar dit is wel 'n sonde van 'n ander karakter, omdat die mens verlei is deur die duiwel tot sonde en hy daaraan gehoor gegee het, daarom is daar vir die mens verlossing moontlik. En het God vir ons 'n middelaar gestuur, Jesus Christus. Maar 'n gevalle engel kan nie gered word nie, want hy het uit homself gesondig en dus is daar nie verlossing moontlik nie.

## Soorte engele

Van die engele wat nie in sonde geval het nie, weet ons dat daar soorte engele is. Daar is gerubyne en serafs.

### *Gerub*

'n Mens kan sê die gerubyn is 'n vlammewerper. In die tweede wêreldoorlog het hulle 'n lelike wapen gehad, dat hulle met 'n apparaat vuur spoeg, en daarmee die vyand tegemoet gaan om daarmee 'n oorwinning te behaal. Eintlik beteken die woord "gerubyn" 'n vlammewerper, brander. Hy is vurig, hy is 'n strydengel. Hulle word met 'n vlammende swaard in verbinding gebring. Hy bewaak en beskerm, hy veg en stry ook teen bose magte en beveilig ook die paradys.

### *Seraf*

Die serafyne is veral die engele rondom God se troon wat God daar dien. Daar is 'n verklaring wat sê: Daar is net sewe serafyne. Daar is ook

ander name, naamlik magte, trone, heerskappye en owerhede. Sommige het daaruit 'n hele klassifikasie van engele ontwerp, veral 'n sogenaamde pseudo Dionisius, wat wel geweldig interessant is, maar ons moet baie versigtig daarmee wees omdat daar meer gewys moet word op die eenheid van die engele as op die geweldige onderskeid. Dit is nie so dat daar as 't ware 'n laere soort engel is wat miskien minder begaafd is, minder verstandig en minder wys as 'n ander soort engel nie. Hulle is almal kragtig, almal wys, almal ywerig en vurig, almal dienende geeste. Maar hulle word wel met verskillende name aangedui in verband met die diens wat hulle moet lewer.

### *Seuns van God*

In die Bybel word engele soms ook aangedui as die "seuns van God" (Job 1:6). In Job hou God 'n vergadering, as 't ware 'n kabinetsitting met die engele. En dan is die duiwel ook daarby. In die Ou Testament het die duiwel toegang gehad tot die troon van God.

## Manlik of vroulik

'n Tipiese twintigste eeuse vraag is: Hoekom word van die engele nie as die dogters van God gepraat nie? Dit bring ons by die vraag of engele manlik is? Of is daar ook vroulike engele? Dit hou verband met die Hebreeuse denke. Die hele atmosfeer van die Ou Testament is meer manlik gerig. Die engele as seuns van God wil sê: Hulle staan eintlik in verbinding met God. Soos 'n seun 'n afstammeling is van sy pa, so kom die engele van God af. Maar ons sou ook kon sê dat ons engele net so goed die "dogters van God" kon noem want engele is nog manlik nog vroulik. Maar die uitdrukking "seuns van God" wil nie sê dat dit 'n manlike wese is nie, maar dat dit van iemand afstam. Omdat in die Ou Testament meer op die manlike as op die vroulike die klem val, (dit hang saam met die tyd waarin die Ou Testament ontstaan het), daarom dui die Bybelskrywers ook die engele aan as "seuns van God". Daar is geen geslagtelike onderskeid by engele nie. Die engele vermeerder ook nie en hulle verminder nie. Alhoewel daar van miljoene engele gepraat word, is die algemene gedagte dat die getal vasgestel en konstant is. Daarom is dit 'n onbybelse gedagte om te sê: As 'n kind jonk sterwe verander hy en word hy 'n engel.

## Engele en mense

As die engele nou dienende geeste van die mens is, ontstaan die vraag: Is ons meer of minder as engele? Daar was twee groepe godsdienstige mense in Jesus se tyd, Fariseërs en Sadusseërs. Die verskil was dat die Fariseërs geglo het in die opstanding en 'n lewe na die dood. Die Saduseërs het nie geglo dat daar 'n opstanding is nie. En nou versoek die Saduseërs vir Jesus. En praat van 'n man wat gesterf het. Sy vrou het volgens die Joodse wet met sy jonger broer getrou. En so was sy nou met sewe broers getroud en toe gaan die vrou ook dood. En nou vra die Saduseërs vir Jesus watter een is nou die vrou se man in die hemel. Toe sê Jesus dat hulle nie die Skrif en die krag van God verstaan nie. Want Hy sê: In die hemel word nie meer getrou nie, want hulle sal wees soos engele van God. Daar staan nie hulle sal engele wees nie, maar hulle sal wees soos die engele van God, naamlik dat hulle nie getroud is nie, daar is nie manlike en vroulike engele nie. Dus in die hemel is daar nie meer huwelike nie. Daar sal wel broeders en susters in die hemel wees, maar nie meer man en vrou wat getroud is nie.

Ps 8 sê dat die engele meer is as mense. Want daar staan: God het die mens 'n weinig minder gemaak as die engele. Wat bedoel die digter met "'n weinig minder"? Wat is die voordeel van die engele hier bo ons wat ons nie het nie? Hulle sien God direk. Hulle is rondom die troon van God en sien Hom van aangesig tot aangesig. Ons sien Hom net in die geloof, nog nie in aanskouing nie. En nou sê die digter dat die engele hierdie geweldige voordeel het bo die mense. Hulle is nou al in verbinding met die troon van God. In so verre is ons minder as die engele.

Aan die ander kant is ons meer as engele. En nou wys Petrus op die misterie van die versoening, die wonderwerk van Christus aan die kruis, wat op die versoendeksel uitgebeeld is in die tabernakel, dat die gerubs ook kyk na die versoendeksel. Nou sê Petrus daardie engele is nuuskierig, hulle is begerig om daarin te kyk. Maar hulle kan dit met al hulle verstand en wysheid nie navors nie, want versoening is iets vir die mense en nie vir die engele nie. En in so verre is die mense weer meer as die engele. Maar om nou in die hemel van min en meer te praat lyk ietwat moeilik, want as mens van minder praat, praat jy van iets onvolkome en tog is alles volkome in die hemel. Mens kan liewers sê: anders. 'n Engel is 'n ander skepsel as 'n mens; dus sien hy God op 'n ander wyse en op 'n ander wyse sal hulle ook saam met ons in die hemel funksioneer.